

RSG

Monitor (Cobus Bester)

06 May 09 - 07:15

25 mins 30 secs

Cobus Bester: Die land staan by 'n kruispad en elke landsburger sal nou moet besluit of hy die pad van ineenstorting of vergaan wil volg, of die pad van saam stap, saam werk en saam bou. In 'n neutedop is dit die boodskap wat by die bekendstelling gister van die Dinokeng Senarios uitgedra is. Die senarios is die produk van maande se saamwerk tussen 'n wys uiteenlopende groep van 35 lede van die burgerlike samelewings groepe, die regering, verskeie politieke partye, vakbonde, sake sector, godsdiensgroepe, die akademie en die media. Kort gestel het die groep drie moontlike senarios vir die land voorghehou. Die sogenaamde Walk Apart scenario, in effek wat op die oomblik en vir etlike jare al gebeur. Die land se ergste probleme – dit is nou werkloosheid, armoede, misdaad, swak gesondheids diens en onderwys verswak verder. Die burgers onttrek hulle aan die samewerking met die regering en buite groepe, dikwels misdadigers, vul die gaping. Daarop volg protes aksie, onluste, hardhandige optrede deur die regering. Die tweede senario, Walk Behind, waar die regering die proses om die probleme op te los sowel lei as bestuur – kortom, die regering het doodeenvoudig nie die kapasiteit of die kundigheid om die senario volhoubaar deur te voer nie. En derdens, die Walk Together senario, wat 'n aktief betrokke burger voorstel, 'n staat wat as katalisator optree en sterk leierskap oor alle sektore heen. Ons praat vanoggend met drie lede van die senario span, dit is die digter, skrywer en joernalis Antjie Krog. Antjie, ek wou eintlik gaan kyk het, ek dink daar is nog hoede wat ek vir jou moes bygevoeg het, maar More.

Antjie Krog: Goeie more Cobus.

Cobus Bester: Die uitvoerende hoof van Afriforum is Kallie Kriel. More Kallie.

Kallie Kriel: More Kobus.

Cobus Bester: En Angela Coetzee, wat betrokke is by entrepreneurs ontwikkeling, veral onder die jeug. More Angela.

Angela Coetzee: Goeie More.

Cobus Bester: Nou eerstens mense, ek wil vir julle net vra want ek het nou die klem gelê op hierdie uiteenlopendheid, en dit is waarin miskien die antwoord nog in die lang duur opgesluit lê. Kallie, om by jou te begin. Om 35 mense so saam te sit en te sê goed, julle gaan nou hier saam praat oor hoe die land verder moet loop of kan loop, wat wag op ons, en ek het 'n idêe daar is aan die begin waarskynlik mense wat vir mekaar met groot agterdog bejeen het.

Kallie Kriel: Ja Cobus, dit is so. Ek bedoel, ons land is 'n diverse land met mense, die bevolking het uiteenlopende sienings en ek dink juis daardie groep het daardie uiteenlopende sienings verteenwoordig. Maar ek dink daar was 'n baie duidelike besef, jy weet, dit help nie jy sê vir die ou langs jou, al het hy total en al 'n ander siening van jou, man ek is nie bekommerd nie want die gat is aan jou kant van die boot nie. As hierdie boot sink, sink hy met ons almal saam, ongeag wat jou uitgangspunte en politieke siening is. Ek dink die gesprek het in daardie gees plaasgevind, om te sê dit is nie net die regte ding om te doen nie, maar dit is in elkeen in hierdie land se eie belang dat ons 'n formule vind om ten spyte van die uiteenlopende standpunte te gaan kyk wat moet ons doen om die land te laat vooruit gaan en ook te sorg dat daar wedersydse erkenning en respek is tussen gemeenskappe. Ek dink daardie uitgangspunt het dit makliker gemaak vir mense met uiteenlopende standpunte om wel ernstig te kyk na wat moet ons doen om te sorg dat ons 'n suksesvolle land is.

Cobus Bester: Dit is ook opvallend dat die groep is verteenwoordig deur, as ek sê uiteenlopend, ook op ouderdomsgewys. Angela, jy is 'n jong vrou. Het jy die ervaring gehad toe jy daar instep en mense kyk jou bietjie deur en dink maar wat gaan jy bydra?

Angela Coetzee: Wel ek is nie seker wat hulle gedink het nie, maar ek het definitief gevoel ek is nie seker hoekom ek hier is nie. Ek was die jongste op die span gewees, dit is korrek. Ek onthou baie mooi wat 'n ander jong dame gesê het wat deelgeneem het, dat hierdie was 'n geleentheid "where our elders breathed on us". So ja, dit is waar ek eintlik gaan leer kyk het hoe ouer mense na die samelewing kyk en ook die stem van die jeug oorgedra het.

Cobus Bester: Antjie Krog, toe hierdie senario wat nou voorgestel is, die drie senarios, was dit 'n gemeenskaplike stem wat gister daar gepraat het, een stem, of was daar mense wat gevoel het hierdie senarios is nie heeltemal hulle siening nie? Of hoe werk die ding?

Antjie Krog: Ons het omtrend twaalf senarios aanvanklik gehad, en dit is toe beprat en bestry en beveg tot dit uiteindelik drie geword het. So daar is seker verskillende maniere van vertolk, maar uiteindelik met die teks wat gister vrygestel is, het almal oor en oor en oor deurgegaan, so ek sou sê dit is redelik aanvaar deur almal.

Cobus Bester: En dit is senarios, dit is nie voorskrifte nie, maar die konsensus lyk my is dat die derde senario tog die voorkeur basis sou wees vir voortgesette gesprek.

Antjie Krog: Ja, maar jy weet, Cobus, saam met die senarios is daar wat vir my nogal amper die belangrikste deel is daarvan, en dit is 'n analise van waar ons vandag is. Nou ek wil nei media beskuldig of die regering of wat nie, maar die ding is, jy weet nie vandag nie. As die President 'n toespraak, 'n State of the Nation toespraak hou, dan dink jy okay, wat nou hiervan is propaganda. As iemand sê soveel mense gaan dood aan Aids, dan weet jy okay, Rian Kalan het gevind dit is nou nie so nie. So jy is onseker presies, en daar is 'n diagnose aan die begin wat duidelik vir jou sê hoe 'n krisis kruispad ons op hierdie oomblik by staan. Dan daaruit kan jy die drie senarios aflei.

Cobus Bester: Ek wil daai ding onderstreek wat jy daar sê. Die krisis kruispad waarby ons staan en ons praat nie party politiek hier nie. Die feit is dat oor die afgelope vyftien jaar het daar dinge gebeur ook, maar daar het sekere goed hier ontwikkel dat as dit nie nou besweer word oor die volgende jaar of twee nie, dan is dit inderdaad 'n ding wat vir die land 'n groot gevaar inhou.

Antjie Krog: En jy weet, na 1994 was daar geweldige goeie wil onder mense. Mense was bereik, en dit het ook te make gehad met die taal van Mandela wat mense saamgesleur het. Maar onder die Mbeki era was daar 'n volgehoue afskilling van mense. Met ander woorde ons is altyd twee groepe, of dit is eintlik 'ons mense', maar julle is nie 'ons mense' nie. So verskillende dele van die bevolking is afgeskil om te mag voel of

hulle deel is van wat aangaan. Jy hou van die geluide wat nou gemaak word deur Jacob Zuma, maar Mamphela het dit so goed gesê – hy kan dit nie alleen doen nie. Al wil hy aan die armes dienste lewer, hy kan nie dit alleen doen nie, en jy kan net 'n sterk staat inmenging voorstel as die staat dit kan deliver, en hierdie staat kan nie.

Cobus Bester: Kallie, en waar lê die oplossing? Waar lê die bydra wat gemaak moet word? Antjie het nou gepraat van mense het hulle afgeskil, mense het hulle onttrek van samewerking en dit lyk, as ek die scenario reg lees, dit is een van die goed wat gaan moet gebeur vorentoe, dat daar moet weer hande gevat word.

Kallie Kriel: Nee verseker Cobus. Ek dink as mens gaan kyk in enige ding wat mens gaan aanpak, of 'n oplossing wat mens wil vind, is daar iets waaraan jy niks kan doen nie, of 'n klomp goed waaraan jy niks kan doen nie, maar dan moet jy identifiseer wat is die goed waaraan jy wel iets kan doen. Ek dink as ons kyk na die internasionale ekonomiese krisis is dit nie iets wat ons noodwendig kan oplos nie. Spesifiek as mens ook kyk na luisteraars van RSG, is dit nie noodwendig mense wat die president van die land kan aanwys nie. Daar is bepaalde realiteite. Maar binne daardie goed is daar wel goed wat mens kan doen, en ek dink as mens gaan kyk na die drie senarios - die regering het 'n gebrek aan uitvoerende vermoë, dit het hoofsaaklik gekom as gevolg van 'n herontplooiing beleid waar mense aangestel is op grond van politieke loyaliteite en nie kundigheid nie, so nie een van die eerste twee senarios kan werklik suksesvol wees nie. Daarom is die burgerlike samelewing 'n kardinale rolspeler. Nou uit die aard van die saak kan mens by die regering aandring dat hulle by die burgerlike samelewing saamwerk, maar dit is ook 'n besluit wat hulle self moet neem en uiteindelik sal moet neem as gevolg van die omstandighede. Maar ek dink ons kan nou sê wat kan ons self iets aan doen, en ek dink daar is 'n klomp goed wat ons kan doe om te sorg dat ons 'n sterk burgerlike samelewing bou. Dit is nou nie 'n bemarking vir Afriforum nie, maar ook alle ander burgerlike organisasies uitbou en dat mense ook self betrokke raak. As mense nou so magteloos voel oor die goed wat hulle niks aan doen nie en hulle onttrek, dan gaan die geskiedenis met ons gebeur, of die toekoms gaan met ons gebeur maar ons moet die toekoms skep. So mense kan op klein skaal in hulle gemeenskap, of dit nou is om by 'n skool betrokke te raak om te sorg dat daar kwaliteit onderrig is, om by 'n kindersentrum betrokke te raak, om by 'n gemeenskapsveiligheids initiatief betrokke te raak, ons kan sorg dat ons 'n gemobiliseerde burgerlike samelewing het wat selfstandig goed

doen, en wanneer die regering uiteindelik die lig sien, of ons genoeg druk op hulel plaas, dan kan mens met die regering saamwerk om te sorg dat ons hierdie skip op die water hou.

Cobus Bester: Dit gaan impliseer ook dat daar moet kundigheid ontwikkel word op redelike groot skaal ook. Angela, jy is nou iemand wat by entrepreneurskap ontwikkeling betrokke is byvoorbeeld, en dit lê tog, lyk vir my, lê in die kern van die oplossing hierso, dat die opleiding van ons mense is sentraal in hierdie ding.

Angela Coetzee: Ja, definitief, ek stem 100% saam, ek is nie seker wat jou vraag is nie?

Cobus Bester: My vraag is net, het ons die kapasiteit, gaan hierdie dinge gedoen word op 'n skaal wat ons in hierdie vrae kan beantwoord, die eise kan beantwoord.

Angela Coetzee: Ek dink dit bring ons net weereens terug na die punt toe dat dit nie... dat onderrig is nie net die staat se verantwoordelikheid nie. So in terme van entrepreneurskap ontwikkeling sal ek graag wil sien dat die privaat sektor betrokke raak en finansiële steun agter projekte gooi om seker te maak dat ons die kundigheid ontwikkel in die land. So dit is weereens 'n saak van waar party net terugsit en sê maar dit is die taak se werk die. Ek dink weereens moet almal betrokke raak om hierdie kundigheid te kan ontwikkel.

Cobus Bester: Maar die woord wat ek by julle al drie hoor nou is betrokke en betrokkenheid en ek hoor wat jy sê Kallie, maar ons het die afgelope 15 jaar al hoe meer mense gekry wat net hande opgooi en sê ek onttrek my aan hierdie ding, ek weet nie waste bydrae ek kan maak nie, ek is nie deel van die regering nie, ek is nie deel van die meerderheid nie en dus loop ek my eie paadjie, ek sluit my agter my hekke en my mure toe, ek hou braaivelis elke naweek en ek raak nie betrokke by die gemeenskap nie.

Kallie Kriel: Ek dink dit is die grootste fout wat enige persoon kan maak want die feit is dit help nie mens neem die regering kwalit dat hulle byvoorbeeld minoriteitsgemeenskappe marginaliseer, maar daardie minderheidsgemeenskappe laat nie hulle standpunte hoor of is net betrokke rondom baaiveisvure nie. As jou stem nie

gehoor word nie gaan hy beslis ignoreer word. So ek dink ons het ook 'n verantwoordelikheid om met selfvertroue betrokke te raak en ook, ek dink dit is belangrik dat ons die hele konsep van wedersydse erkenning en respek ook in die gesprek inbring, wat dan baie belangrik is dat mense respek betoon vir dit wat vir ander belangrik is, maar dan ook met selfvertroue ook kan standpunt inneem vir dit wat ook vir hulle gemeenskap belangrik is, en dan ook te sien waar suksesse is. As mens gaan kyk na burgerlike initiatiewe, as ons net na die Treatment Action Campaign gaan kyk en wat hulle reggekry het rondom HIV Vigs. As mens gaan kyk na goed wat binne die Solidariteit beweging begin met opleiding en privaat initiatiewe, is daar 'n klomp goed wat burgers kan doen, en dit is 'n groot fout om te sê ons is total en al afhanklik van die regering. Ons kan 'n venoot wees van die regering en as ons niks doen nie gaan ons beslis niks bereik nie.

Cobus Bester: Ja. Antjie, jy wou iets sê?

Antjie Krog: Ja, ek wil net sê die groot verskil tussen hierdie initiatief van Mampela Rhampela en die sort van manier waarop die Mbeki regering is daar altyd beskuldigend na die gemeenskappe gewys wat nie deelneem nie. So daar is gesê jy skuld dit en waar is jy, maar daar is terselfdertyd suspisie gesaai en gesê iemand wat swart is mag nie sê iemand wat wit is moet hom kom help nie, want verraai hy die African Renaissance ideaal. So die verskil hier is Rhampela sê vir die regering julle moet gebruik maak van mense, moenie net mense beskuldig nie. Met die grondhervorming, ons het hierdie en hierdie groepe nodig, kom werk saam met ons.

Cobus Bester: Dit is Antjie Krog wat met ons praat, ons gaan vir 'n wyle terug na die nuus, maar ons gaan voort met die gesprek net na half agt, so bly ingeskakel.

News and ad break

Cobus Bester: Ons gaan voort met ons gesprek oor die Dinokeng Scenarios wat gister bekend gestel is en ons deelnemers is Callel Kriel van Afriforum, Antjie Krog en Angela Coetzee. Mense, kom ons kyk net gou na die senarios as sodanig en die keuses wat hier gestel word. Die eerste senario natuurlik Walk Apart wat daar gesê word dit is basies wat ons op die oomblik het, nie waar nie, Antjie?

Antjie Krog: Ja, met ander woorde jy het 'n oneffektiewe staat en jy het 'n burgerskap wat nie betrokke is nie en nie betrokke gemaak is nie en as ons so aangaan, jy kan miskien 'n nuwe minister van gesondheid aanstel, jy kan 'n nuwe minister van onderwys aanstel, maar jy gaan nerens kom nie, en dit is eintlik een van die groot griewe van Mampela – hoe spreek jy die armoede aan? Jy spreek die armoede aan deur mense ordentlike onderrig te gee. So dit is net deur skoling en die gesondheid effens primer te versorg, dank an jy mense uit die armoede uitkry, maar as jy aanhou om hierdie soort van onderrig te lewer wat ons doen, dan vaal jy nou opvolgende geslagte en jy vergroot die probleem. So erens het jy vakbonde nodig wat sê as 'n onderwyser vrot is, dan werp ons hom uit. As iemand nie sy werk doen in 'n hospitaal nie, dan dalk jy hom af. Jy het vakbonde nodig, maar dan het jy ook ouers nodig wat sê maar daai onderwyser is lui, of hierdie verpleegter het my geklap. Jy het mense nodig wat praat, en dan het jy 'n oor nodig van die staat. Met ander woorde die groot verskil tussen Loop Apart en Loop Saam is nie dat die burgerlike samelewing gemobiliseer raak en elkeen gaan in sy eie rigting nie, jy loop saam met die staat en lei die staat en die staat lei jou, sodat jy gekonsentreerd dienste kan lewer.

Cobus Bester: Kallie?

Kallie Kriel: Ja, ek dink die probleem wat ons het spesifiek met die eerste senario, en dit is eintlik die pad waarop ons is, ek dink die grootste probleem benewens die feit dat die burgerlike samelewing onttrek het, is die feit dat ons 'n swak staat is wat nie basiese goed kan uitvoer nie. Daar is baie departemente waar daar begrotings van hul geld oorbly wat hul doodeenvoudig nie kan uitgee nie. My persoonlike seining is dit is die direkte gevolg van die sogenaamde herontplooiings beleid waar mense op grond van politieke redes aangestel word in poste, en ek dink as ons wil wegkom van hierdie eerste senario waar daar 'n totaal en al klein elite is wat bevoordeel word en dit is tot nadeel van al die ander mense in die land, dan gaan dit daarvoor dat ons moet wegkom van hierdie elite bevoordeling en die aanstelling van mense op grond van politieke loyaliteite, dat ons munisipaliteite, stadsbestuurders of dorpsbestuurders aanstel wat bekwaam is om die werk te doen. Dit sal dienslewering vir almal in die dorp help. Dit sal sorg dat daar water is, dat die riolering reg werk, in stede van hierdie ding waar politieke loyaliste aangestel word en dit ten koste van die uitvoerende vermoë van die staat. So

ek dink dit is die een punt hoe ons hierdie eerste senario kan vermy, is om weg te kom van die sogenaamde herontplooiingsbeleid.

Cobus Bester: Maar daar is vir my 'n gebrek aan insig oor die onderskeid wat daar moet wees tussen party en staat en dit sien ons nou soos jy gesê het, die oomblik dat 'n nuwe persoon na die boonste pos in die party beweeg, dan kry jy outomaties ook mense wat eintlik op tegnokratiese vlak moet wees, wat hulle werk moet doen, al het hulle dit ook hoe goed gedoen, hulle moet geepad sodat een van hierdie ou se ondersteuners kan inkom daar, en dit is 'n groot probleem.

Antjie Krog: Jy sien, Mamphela...

Kallie Kriel: As ek daar kan byvoeg, ons het nou in die aanloop tot gister se lootsing het ons 'n klomp vooraf vergaderings gehad met klomp meningsvormers en leiers van oor verskeie fronte regoor die land, en ons het ook met die uittredende President Kgalema Motlale, ek en Dr Ramphela was daar gewees om ook spesifiek hierdie senarios aan hom voor te hou, en rondom die herontplooiingsbeleid was ons baie reguit om vir hom te sê wat die negatiewe daarvan is, maar ek het tog die belewenis gehad dat die probleem erken word, maar is die toets hiervan wat die nuwe regering daaraan gaan doen, so ek dink dit is belangrik dat dit een van die groot goed is waarop ons druk op die regering plaas om afstand te doen hiervan, want dit is tot almal se nadeel in die land behalwe natuurlik die klein groepie wat daardeur bevoordeel word.

Cobus Bester: Antjie?

Antjie Krog: Dit is een van Mamphela se groot punte wat st dryf. Sy is die land het vir 300 jaar sy geld en sy bronne investeer in witte. Nou dat verby is, nou sê jy julle wat nou goed opgelei is, julle wat nou alles ervaar en beleef het, julle wil ons nou nie hê nie, en dit is doodeenvoudig investeringsgewys 'n dom skuif. Dat jy moet juis daai mense wat jy so ten duurste opgelei het gebruik en sê kom help my om hierdie dorp te maak werk.

Cobus Bester: En dit is juis... dit sluit baie goed aan ook by die tweede senario, die Walk Behind een, waar dit wat jy nou sê ook is belangrik, want die staat het eenvoudig

nie die vermoë om aan hierdie tweede senario te voldoen nie. Die feit dat hy bestuur alles, en hy lei alles en hy doen alles en die burgery moet maar net op hulle manier maar saam draf of agterna draf en sê ja baas, nee baas.

Antjie Krog: Jy sien, hulle het gesê as jy so sterk staat het soos jy in Rusland gehad het, dank an jy 'n staat wees wat sê ek sal alles doen, en ek sal mense forseer, maar dat dit nie die ideaal is nie, want uiteindelik onttrek die privaat maatskappye, besighede, almal onttrek nie net nie, maar hulle raak ook oneffektief en onbetrokke en naderhand het jy nuttelose burgers en moet die staat dan naderhand absoluut alles doen.

Cobus Bester: Ek het 'n interessante SMS van 'n luisteraar gekry wat miskien dui juis op hierdie probleem wat ons het op die oomblik. Hy sê dit is 'n interessante praatjie, maar wat is die doel. Wat wil so 'n vergadering bereik, namens wie praat hulle, het hulle die toekoms vergadering vir hulleself gedoen? Dit kom van iemand met die naam van Zuan, en Zuan, ek wil net sê ek meen dit is waaroor hierdie hele ding gaan. Almal moet betrokke raak. Antjie?

Antjie Krog: Ja, ek dink die stadium at hierdie senarios ontstaan het, of wat Mamphela hulle beplan het om hulle te doen, was gedurende die Mbeki tydperk, want mense het onseker gevoel oor presies wat gaan aan, daar is 'n idee geskep erens weet iemand wat aangaan en iemand gaan dit reg doen, en soos dit uitspiraal wonder jy nou maar wat? En dit is presies in daardie stadium wat sy begin sê het mense moet begin praat en mense moet begin saamkom, en eintlik al 35 was bekommerd oor waarheen dit gaan. Nou intussentyd is Zuma ingewerk en Zuma sê hy wil 'n developmental state wees en die kommunistiese party en die werkers is nou saam met hom, en dit is nou die ideale tyd om te sê goed, maar ons is nou almal hier, die hele burger is hier saam met julle.

Cobus Bester: Saam met julle, maar om wat te doen, Antjie?

Antjie Krog: Om die grootste probleem aan te spreek, en dit is armoede, en as ons nie die armoede omgedraai kry in die land nie, gaan dit onder ons ontplof. Na 10 jaar gaan 'n developmental state sien maar ek kry nie die armoede opgelos nie, en dan moet hy 'n sondebok soek, en hy sal soos in Zimbabwe sy sondebok gaan haal onder die wat onbetrokke aangaan en goed leef.

Cobus Bester: Is daar in julle ervaring nou, en die gesprekke wat hierop gevolg het 'n aanduiding dat die staat, dat die regering, Mr Zuma, wel gaan saam werk, wel gaan luister, wel gaan gehoor gee op hierdie beroepe?

Antjie Krog: Dit lyk vir my asof hy baie wyd konsulteer. Dit lyk vir my asof hy desperaat genoeg is en bietjie seer gekry het in die verkiesing om te besluit hy gaan alles gebruik, jy weet, dat ek op my volle silinders loop in my termyn.

Cobus Bester: Wat lê nou voor? Ons het nou die drie senarios, dit is die keuses wat mense kan uitoefen, maar sekerlik kan mense nie nou hier ophou nie. Wie dryf nou hierdie ding verder?

Angela Coetzee: Daar is 'n tweede fase in die projek. Hierdie is maar net die eerste fase gewees, was om die scenarios te kry en voor te lê aan die land. En dan is daar 'n tweede fase, en ek dink dit sluit aan by Zuan se vraag, waar ons nou soveel as moontlik mense wil hê moet begin praat oor hoe werk dit nou. 'n Senario is net 'n moontlike storie vir die toekoms. Wat jy nou in jou sector van die samelewing moet besluit is... sal moet praat en dan besluit wat is die besluite wat ons moet neem om by hierdie toekoms dan te kan uitkom, en vir elke sector sal daardie besluite anders wees om by daardie spesifieke punt uit te kom. So die tweede fase is om die gesprekke wyer te begin hê in die besighede en samelweing.

Cobus Bester: En ek dink dit gaan in 'n groot mate ook van die media afhang om juis aan dardie gesprekke lig te gee. Antjie?

Antjie Krog: Ja, dit sal eintlik goed wees as mens die regering kan uitdaag met hierdie scenarios en dan sê nou goed, hoe sien jy gaan julle die gesondheids probleem oplos. Jy sien, dit ding is, een van die groot kritieke punte is dat daar is nie 'n Suid Afrikaanse gevoel nie. Mense voel nie betrokke by die land nie. Nou jy kan nie net deur toesprake mense betrokke kry nie. As almal saam werk... maar jy kan nie net... ek kan nie net self sê ja, ek wil nie, hier is ek, gebruik my nie. Iemand moet ook sê ja, gebruik haar. So dit moet van twee kante af kom, en tans is dit altyd of van die een kant af of van die ander kant.

Cobus Bester: Nou ja, op daardie not gaan ons moet halt roep, maar ek wil vir julle dankie sê vir julle deelname en voorspoed met wat voorlê, nie net aan ie drie deelnemers nie, maar almal wat hierdie ding op die hart dra. Dit was Antjie Krog wat met ons gepraat het, Kallie Kriel en Angela Coetzee.